

# Aanleer van nuwe tale verbreed kulturele horisonne

DEONETTE THEART

GOEIE DAG! Good day! Molo! Guten Tag! Bonjour! Buenos días! Shalom! Salveo! Hoeveel van hierdie tale herken jy?

Die universiteit bied aan studente die geleentheid om agt ander tale – benewens Afrikaans en Engels – aan te leer. Die illusie word dikwels geskep dat Engels die alfa en omega van tale is, maar slegs ongeveer 11% van die wêreldbevolking is Engels magtig. Dit is dus die moeite werd om ook die ander 89% te ondersoek.

Die Departement Afrika-tale bied isiXhosa as vak aan, waarna enige Afrika-taal nagraads gestudeer kan word. isiXhosa is byna 20% van Suid-Afrikaners se eerste taal, en is dus tweede op die lys (na isiZulu). Mnr Mhlobo Jadezwani, wat tot op meestersvlak isiXhosa doseer, meen dat dit makliker is om ander Afrika-tale aan te leer nadat isiXhosa bemeester is.

Die Departement Moderne Vreemde Tale bied Duits, Frans en Mandaryns as vakke aan. Prof Carlotta von Maltzan, voorsitter van dié departement en self Duits-dosent, sê

dat die departement 'n meer omvattende benadering tot onderrig volg.

Studente word nie net geleer om te skryf, praat, luister en lees in die taal nie; daar word ook sterk klem gelê op literatuur, kultureel, media en musiek. Die studente kry byvoorbeeld geleentheid om na TV-programme in die taal te kyk en om tydskrifartikels te bestudeer.


'n Ander interessante toevoeging tot die modules is die voedselste, waar tradisionele kossoorte van 'n verskeidenheid lande geproe kan word. Von Maltzan glo dat hierdie blootstelling studente 'n waardering vir verskeie kulture gee.

Daar is tans ongeveer 800 studente wat 'n moderne vreemde taal by die universiteit neem. Dié getal het sedert 1998 verdubbel.

Die US is die enigste universiteit in Suid-Afrika wat Mandaryns aanbied. Dit word vanaf 2000 aangebied en spog vanjaar met 100 studente. 'n Groot aanmoediging vir Mandaryns studente is die belofte om China vir ses weke te besoek as hulle onder die vyf top-presteerders van hul jaargroep val.

Mandaryns is met meer as een biljoen sprekers die grootste taal ter wêreld.

Dié departement bied ook aandklas in Duits, Frans, Mandaryns



en Spaans aan, wat almal oor een semester strek. Hier kry jy die kans om die basiese grondslag van die tale in 'n kort periode te leer, en enige iemand is welkom.

Die Departement Antieke Studies bied Antieke Grieks, Bybelse Hebreeus en Latyn aan. Alhoewel hierdie tale nie meer vandag gepraat word nie, kan studente leer om tekste met begrip te lees, te analiseer en vertalings te vergelyk, sê die voorsitter en dosent van die departement, prof Johan Thom.

Blootstelling aan die kulture wat die grootste invloed op die ontwikkeling van die moderne wêreld gehad het, verskerp ook jou historiese bewussyn.

Al die dosente bieg egter dat dit wel harde werk vereis om 'n nuwe taal te bemeester, maar dat die beloning die moeite werd is. Dit hang ook van die individu af hoe vinnig en maklik die taal geleer kan word. Hulle benadruk die belangrikheid daarvan om elke klas by te woon, omdat werk nie ingehaal kan word nie.

Jadezwani lê klem daarop dat intense en volgehoue oefening noodsaaklik is ten einde die nodige selfvertroue te verkry om self die taal te kan praat. Daarom moet jy soveel moontlik blootstelling aan die taal kry deur jouself te omring met goeie sprekers en mediabronne, soos televisie, radio en koerante.

Wat baie studente skynbaar nie weet nie, is dat dit wel moontlik is om 'n taal as ekstra vak te neem, al is dit glad nie 'n vereiste of opsie in jou kursus nie. As jy oor die ywer beskik en jou klasrooster dit toelaat, is daar geen rede om nie hierdie geleentheid aan te gryp nie.

Al die tale tel 24 krediete per jaar en geskied op die deurlopende assesseringsstelsel. Die eerste jaar fokus grotendeels op 'n algemene begrip van die samestelling van die taal en die uitspraak daarvan. 'n Basiese woordeskat word verseker, wat beteken dat jy ten minste daartoe instaat sal wees om 'n eenvoudige gesprek te kan aanknoop.

Om 'n nuwe taal te bemeester verbreed nie net jou kulturele horisonne nie, maar lyk ook indrukwekkend op jou CV. Die groeiende toerismebedryf in Suid-Afrika benodig veral mense met kennis van ander tale. En soos die Italiaanse filmregisseur Federico Fellini tereg gesê het: "A different language is a different vision of life."

Vir enige inligting oor die skakel van tale wat 'n mens by die US kan neem, besoek [www.sun.ac.za](http://www.sun.ac.za) en klik op die departement waarin jy belangstel.